

ALGEMEEN:

Kandidate was oor die algemeen goed voorberei en dis duidelik dat die sillabus wel voltooi was. Dit is egter ook duidelik dat daar kandidate vir die vraestel geregistreer het, maar klaarblyklik nie by die vermoë was om Wiskunde op die Hoërgraad aan te bied nie. Dis veral die geval vir deeltydse kandidate.

Die Analitiese meetkunde afdeling van die vraestel, was die beste be-antwoord.

ANALITIESE MEETKUNDE**VRAAG 1**

Vraag 1 is goed be-antwoord. Heelwat kandidate het hier volpunte behaal. Die volgende miskonsepte het egter voorgekom:

- Sommige kandidate kon nie onderskeid tref tussen die eienskappe van 'n hoogtelyn en 'n swaartelyn van 'n driehoek nie.
- In Vraag 1.2, kon kandidate nie die vergelyking van die lyn in standaard vorm skryf nie.

VRAAG 2

Hierdie vraag is goed be-antwoord. Daar is egter baie kandidate wat nie die lokus vraag (Vraag 2.3) korrek kon interpreteer nie. Hulle het die gegewe verwantskap in terme van lengtes, in plaas van gradiente vertolk.

TRIGONOMETRIE**VRAAG 3**

In 3.1 het kandidate gesukkel om $\cos^2(180^\circ - \theta)$ te reduseer. Hulle het die uitdrukking tot $-\cos^2 \theta$ vereenvoudig, in plaas van $(-\cos \theta)^2$. Die gebruik van waardes soos bv. $\tan 30^\circ \tan 60^\circ$, om 3.2.1 te bewys of selfs driehoekies met sye 3, 4 and 5, in plaas van x , y and r , was nie aanvaarbaar nie.

VRAAG 4

Kandidate kon die sketsgrafieke in vraag 4.2 teken, maar het probleme ervaar. Candidates het die vergelyking in 4.1 op te los. Deel van hul probleem was dat hulle nie beseft het dat die oplossing is gebaseer op die gebruik van die verband tussen ko- verhoudings nie. Kandidate ervaar steeds probleme om interval notasie korrek te gebruik, soos in 4.3 vereis.

VRAAG 5

Vraag 5.1 was uitdagend en kandidate het nagelaat om alle verhoudings in terme van die sinus verhouding te skryf, en die resulterende kwadratiese vergelyking op te los.

Die .bewys van die identiteit was goed be-antwoord.

VRAAG 6

Gebrekkige analise van die diagram in vraag 6.1 het veroorsaak dat kandidate nie die cosinus formule 6.1.1 korrek kon toepas nie. Kandidate ontbreek ook aan die wiskundige insig om 'n aanvaarbare verduideliking te formuleer soos gevra in vraag 6.1.2. Hulle het probeer om die eienskappe van die teenoorstaande hoeke van 'n koordevierhoek en/of die posisie van lynstuk BD as intuitiewe argumente aan te voer. Dit was egter onaanvaarbaar.

EUKLIDIESE MEETKUNDE

VRAAG 7

Kandidate het in vraag 7.1 die verkeerde konstruksie getrek en was swaar gestraf vir hierdie fout.. Dit blyk duidelik dat die bewys van die stelling sonder begrip gememoriseer was en kon hulle derhalwe nie die gewysigde diagram hanteer nie.

Weereens het dit duidelik geblyk dat kandidate nie geleer het om meetkundige diagramme te analiseer nie. In Vraag 7.2 het hulle gesukkel om met twee snydende sirkels te werk. Hierdie vraag is swak be-antwoord.

VRAAG 8

Die boekwerk in hierdie vraag is goed be-antwoord. Kandidate het egter gefaal in die toepassing van die teorie soos vereis in vraag 8.2.2.

VRAAG 9

Kandidate het goeie begrip getoon van die gelykvormigheidskonsep in driehoeke. Hulle het egter nagelaat om die informasie in opeenvolgende afdelings van die vraag aan te wend ten einde alle afdelings van vraag 9.4 te be-antwoord.